TUSSENTYDSE RESULTATE

vir die ses maande geëindig 30 September 2008

OMNIA

HOOGTEPUNTE

- **Inkomste styg met 78% tot R5,5 miljard**
- **Bedryfswins styg met 209% tot R594 miljoen**
- **Wesensverdienste per aandeel styg met 281% tot 839 sent**
- **Tussentydse dividend van 100 sent verklaar**

OMNIA HOLDINGS BEPERK (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
Registrasienommer 1967/003680/06 • JSE-kode: OMN • ISIN: ZAE000005153 ("Omnia" of "die Groep")

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

vir die ses maande geëindig 30 September 2008

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/09/08	%	Ongeouditeer 6 maande 30/09/07	Geouditeer 12 maande 31/03/08
Inkomste	**5 454**	78	3 061	7 340
Bedryswins	**594**	209	192	584
Netto finansieringskoste	**(61)**		(45)	(112)
Rente betaal	**(65)**	48	(44)	(143)
Rente ontvang	**2**	100	1	25
Valuta (verlies)/-wins	**2**		(2)	6
Wins voor belasting	**533**	263	147	472
Belasting	**(160)**	220	(50)	(159)
Netto wins vir die tydperk	**373**	285	97	313
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die maatskappy	**372**	284	97	317
Minderheidsbelang	**1**		–	(4)
	373		97	313
Basiese verdienste per aandeel (sent)	**839,0**	281	220,3	718,2
Ten volle verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	**803,5**	268	218,3	687,9
Finale dividend betaal per aandeel (sent) ten opsigte van vorige jaar	**117**	30	90	90
Tussentydse dividend per aandeel (sent) verklaar vir die huidige jaar	**100**	20	83	83
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele ('000)	**44 285**		44 038	44 132
Geweegde gemiddelde ten volle verwaterde uitgereikte aandele ('000)	**46 241**		44 448	46 073
Aantal uitgereikte aandele ('000)	**44 321**		44 189	44 263

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

soos op 30 September 2008

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/09/08	Ongeouditeer 6 maande 30/09/07	Geouditeer 12 maande 31/03/08
Bates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**1 025**	819	965
Ontasbare bates	**507**	429	517
Finansiële bates beskikbaar vir verkope	**30**	–	30
Uitgestelde belasting	**3**	3	8
Voorraad	**2 855**	1 446	1 380
Handels- en ander debiteure	**1 937**	1 373	1 457
Ander bedryfsbates	**44**	33	82
	6 401	4 103	4 439
Ekwiteit en laste			
Aandeelhouersekwiteit	**1 915**	1 291	1 581
Uitgestelde belasting	**103**	91	104
Nie-bedryfslaste	**350**	258	288
Handels- en ander krediteure	**2 728**	1 474	2 142
Belasting	**69**	31	79
Ander bedryfslaste	**1 236**	958	245
	6 401	4 103	4 439
Netto rentedraende skuld	**1 542**	1 184	451
Netto batewaarde per aandeel (Rand)	**43,2**	29,2	35,7
Kapitaalbesteding			
Depresiasie	**43**	28	71
Amortisasie	**12**	10	21
Aangegaan	**93**	86	284
Goedgekeur en verbind	**34**	124	–
Goedgekeur maar nie gekontrakteer nie	**134**	77	102

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

vir die ses maande geëindig 30 September 2008

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/09/08	Ongeouditeer 6 maande 30/09/07	Geouditeer 12 maande 31/03/08
Bedryfswins	**594**	192	584
Depresiasie en amortisasie	**54**	38	92
Aanpassing vir nie-kontantitems	**(17)**	(31)	11
Benut deur bedryfskapitaal	**(1 369)**	(889)	(138)
	(738)	(690)	549
Rente betaal	**(65)**	(44)	(143)
Rente ontvang	**2**	1	25
Belasting betaal	**(167)**	(61)	(134)
Dividende betaal	**(55)**	(39)	(76)
(Benut)/voortgebring uit bedrywighede	**(1 023)**	(833)	221
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(83)**	(86)	(413)
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite	**17**	228	323
Netto (afname)/toename in kontant	**(1 089)**	(691)	131
Netto oortrekking aan begin van tydperk	**(103)**	(234)	(234)
Netto oortrekking aan einde van tydperk	**(1 192)**	(925)	(103)

ANDER RESERWES

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/09/08	Ongeouditeer 6 maande 30/09/07	Geouditeer 12 maande 31/03/08
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**63**	31	45
Valuta-omrekeningsreserwe	**75**	(16)	79
Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale	**3**	3	3
	141	18	127

REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/09/08	Ongeouditeer 6 maande 30/09/07	Geouditeer 12 maande 31/03/08
Netto wins vir die tydperk	**372**	97	317
Verlies met vervreemding van bates	**–**	–	2
Daling in waarde van belegging	**–**	2	–
Wesensverdienste	**372**	99	319

Wesensverdienste

Wesensverdienste is 839,0 sent per aandeel (2007: 224,5 sent per aandeel)
Ten volle verwaterde verdienste per aandeel is 803,5 sent per aandeel (2007: 222,4 sent per aandeel)

STAAT VAN VERANDERING IN AANDEELHOUERSEKWITEIT

R miljoen	Gewone aandeelhouersekwiteit: Verklaarde kapitaal	Tesourie-aandele	Ander reserwes	Behoue verdienste	Minder heids-belang	Totaal
Op 31 Maart 2007 (geouditeer)	201	(16)	36	1 027	2	1 250
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die tydperk				97		97
Afname in valuta-omrekeningsreserwe			(30)			(30)
Aandeelgebaseerde vergoeding			12			12
Transaksies met aandeelhouers						
Gewone dividende betaal				(39)		(39)
Tesourie-aandele verkoop		1				1
Op 30 September 2007 (ongeouditeer)	201	(15)	18	1 085	2	1 291
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die tydperk				220	(4)	216
Toename in valuta-omrekeningsreserwe			95			95
Aandeelgebaseerde vergoeding			14			14
Transaksies met aandeelhouers						
Gewone dividende betaal				(37)		(37)
Tesourie-aandele verkoop		2				2
Op 31 Maart 2008 (geouditeer)	201	(13)	127	1 268	(2)	1 581
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die tydperk				372	1	373
Afname in valuta-omrekeningsreserwe			(4)			(4)
Aandeelgebaseerde vergoeding			18			18
Transaksies met aandeelhouers						
Gewone dividende betaal				(55)		(55)
Tesourie-aandele verkoop		3				3
Beweging in minderheidsbelang					(1)	(1)
Op 30 September 2008 (ongeouditeer)	201	(10)	141	1 585	(2)	1 915

SEGMENTONTLEDING

vir die ses maande geëindig 30 September 2008

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/09/08	%	Ongeouditeer 6 maande 30/09/07	Geouditeer 12 maande 31/03/08
Inkomste netto van intersegmentele verkope	**5 454**	78	3 061	7 340
Chemikalieë	**2 294**	52	1 509	3 334
Mynbou	**1 006**	73	581	1 281
Landbou	**2 154**	122	971	2 725
Bedryfswins	**594**	209	192	584
Chemikalieë	**156**	160	60	148
Mynbou	**126**	125	56	125
Landbou	**312**	311	76	311

AANTEKENINGE

Rekeningkundige beleid

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2008 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening en ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state sluit nie al die inligting in wat deur IFRS vir volledige finansiële jaarstate vereis word nie.

Die hoofbeleid wat gebruik is vir die voorbereiding van die resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2008, stem ooreen met dit wat toegepas is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008.

Dividende

'n Finale dividend van 117 sent per aandeel is op 13 Junie 2008 verklaar ten opsigte van die vorige finansiële jaar. Die dividend word in die huidige tydperk tot 30 September 2008 weerspieël.

Verbintenisse

Die toekomstige minimum huurbetalings kragtens nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte is R22 miljoen (2007: R24 miljoen) binne een jaar en R17 miljoen (2007: R38 miljoen) tussen twee en vyf jaar en R1 miljoen (2007: R2 miljoen) later as vyf jaar, wat 'n totaal van R40 miljoen (2007: R64 miljoen) beloop.

INLEIDING

Omnia is 'n gediversifiseerde spesialisverskaffer van chemiese dienste met gebalanseerde belange in die chemikalie-, mynbou- en landboumarkte. Die Groep is in wese 'n kennisbesigheid wat sy toonaangewende intellektuele kapitaal en produksiebates van wêreldgehalte aanwend om die produkte en dienste wat hy bied, te diversifiseer. Die unieke sakemodel skep buitengewone waarde vir sy kliënte met wie langtermynverhoudings gesmee word, ten einde maksimum waarde vir aandeelhouers te verseker.

Al drie van Omnia se sakesegmente, wat gediversifiseer is oor drie verskillende markte, het inkomste-groei van meer as 50% behaal gedurende die tydperk onder oorsig tot September 2008 in vergelyking met die tydperk tot September 2007, hoofsaaklik gedryf deur 'n swakker rand gesteun deur die skerp styging in internasionale pryse.

Markomstandighede

Gedurende die tydperk onder oorsig het Omnia voortdurend buitengewone marktoestande ervaar. Die ongekende hoë pryse vir daardie roumateriale wat van kardinale belang in die Groep se vervaardigingsprosesses is, asook vir 'n wye reeks belangrike basiese kommoditeite, het volgehou om aansienlike markinvloed te laat geld.

In die Chemikalie-afdeling, het ongekende hoë olie- en gaspryse die pryse van kommoditeite en spesialiteitschemikalieë opwaarts gedryf, terwyl die verswakkende rand ook bygedra het tot verhoodge inkomste.

In die Mynbou-afdeling, alhoewel metaalpryse begin afneem het in die tydperk onder oorsig, was die vraag na steenkool, koper, uraan en kopererts sterk en gevolglik was die mynbou-aktiwiteite welvarend gedurende die tydperk. Dit het die vraag na plofstowwe en verwante produkte en dienste bevoordeel, asook na die Groep se uitdyende reeks van mynbou-chemikalieë.

Die oorheersende bydraer tot Groepwins is die Landbou-afdeling. Dit is as gevolg van die wanbalans tussen vraag en aanbod gedurende die tydperk onder oorsig wat gelei het tot ongekende hoogtes in internasionale vasgestelde kunsmis-roumateriaalpryse. Dit het veroorsaak dat Omnia se kunsmis-insetkostes tot ongekende hoogtes gedryf is met meegaande hoër kunsmisverkooppryse.

Verskeie van die Landbou-afdeling se kliënte het besef dat die internasionale marktoestande sou lei tot die onafwendbare styging in kunsmispryse en vroeër as gewoonlik hul vereiste kunsmis gekoop en daarvoor betaal om sodoende die voordeel te kry te midde van stygende pryse. Verkoopsvolumes gedurende die tydperk onder oorsig het toegeneem as gevolg van die vroeër verkope. Gevolglik is die marge wat behaal is in die tydperk ook hoër as die wat gewoonlik behaal word in die eerste helfte van die finansiële jaar. Dit sal na verwagting 'n invloed op kunsmisverkope (en marges) gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar hê, wanneer die somerplantseisoen aanbreek.

Die Landbou-afdeling se bedrywighede buite die grense van Suid-Afrika, veral in Australasië, het goed gevaar en aansienlik bygedra tot die toename in bedryfswins. Die ekonomiese en finansiële krisis het 'n skerp daling in kommoditeitspryse en –vraag in die tydperk onder oorsig veroorsaak, maar die langtermyn beginsels van al die afdelings, veral dié Landbou-afdeling, bly steeds sterk.

Finansiële oorsig

Die Groep se inkomste het met 78% toegeneem tot R5,5 miljard (2007: R3,1 miljard). Bedryfswins het met 209% toegeneem tot R594 miljoen (2007: R192 miljoen). Die bedryfsmarge het toegeneem tot 10,9% (2007: 6,3%) met marges wat in al drie afdelings verbeter het tot aanvaarbare vlakke. Netto wins vir die tydperk het met 285% toegeneem tot R373 miljoen (2007: R97 miljoen), gelei deur die stewige bydrae van die Landbou-afdeling met ondersteuning deur die 120% hoër bedryfswins behaal deur die Chemikalie- en Mynbou-afdelings.

Die seisoenale aard van Omnia se Landbou-afdeling veroorsaak dat die Groep se bedryfskapitaal-vereistes 'n piek bereik in September van elke jaar. Soos hierbo genoem, het stygende roumateriaalpryse – veral ammoniak, ureum, kalium, fosfaat en produkte afkomstig uit petrochemiese nywerhede – volgehoudend toegeneem tot nuwe hoogtes. Dit het daartoe gelei dat netto rentedraende skuld met 30% toegeneem het tot R1,5 miljard (2007: R1,2 miljard). As gevolg hiervan, asook die gepaardgaande styging in rentekoerse, het netto rente betaal toegeneem met 48% tot R63 miljoen (2007: R43 miljoen) vir die tydperk onder oorsig. Die rentekoste is, egter laer as verwag, aangesien verskeie kliënte van die Landbou-afdeling in Suid-Afrika hulle vereiste kunsmis vroeër as normaalweg gekoop en daarvoor betaal het.

As gevolg van die toename in aandeelhouersekwiteit tot R1,9 miljard (2007: R1,3 miljard) het die skuld: ekwiteitsverhouding afgeneem tot 80% (2007: 92%) in vergelyking met die vorige tydperk. Kontant benut deur bedrywighede vir die tydperk onder oorsig het toegeneem met R190 miljoen tot R1 023 miljoen (2007: R833 miljoen), hoofsaaklik as gevolg van die R480 miljoen toename in bedryfskapitaal in vergelyking met die vorige tydperk.

BEDRYFSOORSIG

Chemikalieë

Die afdeling bestaande uit Protea Chemicals en Zetachem, is die toonaangewende verspreider van spesialis-, funksionele- en effekchemikalieë in suidelike Afrika. Dit het 'n gevestigde teenwoordigheid in elke sektor van die chemiese verspreidingsmark. Zetachem is 'n belangrike verspreider van spesialis chemikalieë en voorsien innoverende oplossings vir die waterbehandelingsindustrie.

Inkomste het met 52% toegeneem tot R2 294 miljoen (2007: R1 509 miljoen). Terwyl 'n gedeelte van die toename in inkomste verband hou met die tradisionele groei in volumes, dui dit ook op die tendens van hoër internasionale pryse van chemikalieë, die invloed van die verswakkende rand en ook 'n toename in volumes in die afdeling se groeiende maar laer marge polimeerbesighede. 'n Hernude fokus op besigheidsmodelle binne die afdeling asook die stappe geneem waarna vroeër verwys is, het gelei tot die herstel van die bedryfsmarge tot 6,8% (2007: 4,0%). Bedryfswins het met 160% toegeneem tot R156 miljoen (2007: R60 miljoen).

Mynbou

Die Mynbou-afdeling is die markleier in vermengde-massaplofstofformulerings vir bogrondse mynbou, deur die BME handelsmerk. Die afdeling vervaardig ook verpakte plofstowwe vir ondergrondse mynbou en gespesialiseerde bogrondse skietwerk. Verder verskaf die afdeling verskeie mynbouchemikalieë en skiettoebehore.

Die sterk vraag na mynbouchemikalieë, plofstowwe en verwante dienste, tesame met die vinnig-stygende internasionale pryse, veral van nitraatprodukte, het gelei tot inkomstegroei van 73% tot R1 006 miljoen (2007: R581 miljoen). Bydryfswins het toegeneem met 125% tot R126 miljoen (2007: R56 miljoen). Vorige kommunikasies aan Omnia-aandeelhouers het aangedui dat die plofstofmark uiters kompeterend geword het, met vinnige stygende roumateriaalkostes wat oormatige druk op marges plaas. As gevolg van die onaanvaarbare 14% afname in bedryfswins in die tydperk tot September 2007 het die afdeling gekies om uit onwinsgewende kontrakte te onttrek en die pryse van ander kontrakte te heronderhandel. Hierdie tydige en beslissende aksie het 'n herstel in die bedrysmarge tot 12,5% (2007: 9,7%) tot gevolg gehad, alhoewel dit steeds laer is as historiese vlakke. Kostes vir addisionele hulpbronne word ook aangegaan in verband met nuwe kontrakte waarvan die beplande volumes nog nie gelewer is nie. Kostes word ook negatief beïnvloed deur die tekort aan bekwame vaardighede in die industrie wat beteken dat die afdeling beduidende addisionele kostes moet trotseer om sulke vaardighede te behou.

Landbou

Die Landbou-afdeling produseer en verskaf korrel-, vloeibare- en spesialiteitskunsmis aan individuele boere, koöperasies en groothandelaars in suidelike Afrika. Die afdeling verskaf ook spesialiteits-kunsmis aan boere in Australië en Nieu-Zeeland. Die Landbou-afdeling het 53% tot die Groep se bedryfswins bygedra (2007: 40%).

Inkomste het met 122% toegeneem tot R2 154 miljoen (2007: R971 miljoen) terwyl bedryfswins met 311% toegeneem het tot R312 miljoen (2007: R76 miljoen).

Alhoewel die bedryfsmarge in die Landbou-afdeling tradisioneel aansienlik laer is in die eerste helfte van die finansiële jaar as in die tweede helfte, het die marges in die tydperk onder oorsig gestyg tot 14,5% (2007: 7,8%). Soos vroeër genoem, het verkope wat na verwagting in die tweede helfte van die jaar plaasvind, gedurende die tydperk onder oorsig plaasgevind, wat die toename in die marge veroorsaak het. Verwysing is ook gemaak na die sterk prestasie van hierdie afdeling in markte buite die grense van Suid-Afrika, veral in Australasië, wat beduidend tot die totale Landbou-marge bygedra het. Die marge-bydraes vanaf hierdie internasionale markte het meer as sesvoudig toegeneem in vergelyking met die vorige tydperk.

VOORUITSIGTE

Chemikalieë

Die vraag na die Groep se chemiese produkte word beïnvloed deur die breër ekonomiese omgewing. Die rand se onlangse verswakking kan 'n positiewe uitwerking op vervaarding hê indien uitvoere meer kompeterend raak en ingevoerde vervaardigde komponente al duurder raak. Die afname in die prys van olie vanaf rekordhoogtes, sal die pryse van petrochemieseprodukte en hulle afgeleides positief beïnvloed. Terwyl internasionale chemikalie-pryse toegeneem het in die tydperk onder oorsig na gelang van 'n verbetering in die globale ekonomiese-omgewing, word verwag dat daar prys-verlagings in die nabye toekoms gaan wees, soos alreeds duidelik is in die prysbewegings van sommige industriële chemikalieë- en polimeerprodukte. Zetachem se bydrae tot die afdeling se resultate sal vir 'n volle 12 maande ingesluit word vir die typerk tot Maart 2009.

Mynbou

Die vraag na sekere kommoditeite, veral steenkool en uraan, bly kragtig en sal beide die mynbou- en die mynbouchemikalieë-markte bevoordeel.

As gevolg van Eskom se vereistes word verwag dat die plaaslike steenkool mynbousektor sal groei en die sterk groei van die uraan sektor is veral belowend gegewe Omnia se soliede posisie in hierdie mark. Mynbou aktiwiteite regdeur Afrika bly steeds gesond, met verskeie groot projekte wat aanboord kom.

Groei, veral in die mynbouchemikalieë-markte word verwag om voort te duur, terwyl marges steeds teen aanvaarbare vlakke bly.

Landbou

Plaaslike kunsmisvolumes vir die huidige seisoen word verwag om 5% laer te wees as die normale 2 miljoen ton. Soos aangedui was daar 'n verandering in die patroon gedurende die huidige seisoen in Suid-Afrika, met aankope wat vroeër as gewoonlik plaasgevind het. Tradisioneel vind 'n groter mate van die afdeling se aktiwiteite in die tweede helfte van die jaar plaas tydens die somerplant-seisoen, maar die skielike afname in roumateriaalpryse, gepaardgaande met die laer volumes, sal druk plaas op die landbou-afdeling se bedryfsmarges in die tweede helfte tot Maart 2009.

Gevolglik sal die afdeling se prestasie in die tweede helfte van die jaar nie toeneem relatief tot diè van die eerste helfte tot die mate wat dit die geval was in die verlede nie. Alhoewel die behoefte na kunsmis 'n langtermyn werklikheid is, is dit krities vir die bereiking van 'n Groen Afrika Revolusie met 'n versnelde groei in die bevolking en 'n daling in vrugbare grond wat die kontinent in die gesig staar.

Omnia Groep

Die Groep verwag 'n beduidende verbetering in verdienste vir die jaar wat 31 Maart 2009 eindig, vergeleke met verdienste behaal in die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008. Omnia bly steeds goed geplaas om voordeel te trek uit geleenthede in die landbou- en mynbousektore wat as kern geïdentifiseer is vir Afrika se volhoubare ontwikkeling.

In die laaste kwartaal van die vorige finansiële jaar het Omnia die oprigting van sy Envinox Skoonomgewingsmeganisme-aanleg by die Sasolburg-produksie-aanleg voltooi, waardeur die Groep gesertifiseerde uitlaatverminderingseenhede ("CER"-eenhede) genereer. Geen CER's is nog gelewer nie, alhoewel die lewering hiervan in die nabye toekoms verwag word, wat die maatskappy in staat sal stel om uit ongeveer 'n halwe jaar se generering van CER's 'n verwagte R30 miljoen bydrae te verdien.

Omnia is goed geplaas om te baat by enige vraag na biobrandstof wat die vraag na kunsmisprodukte positief sal beïnvloed. In terme van Omnia se strategiese fokus om nuwe groeigeleenthede te ontgin, beide nasionaal en internasionaal, het die Groep planne aangekondig om 'n gedetaileerde studie te loods om 'n tweede salpetersuuraanleg te bou ten einde die salpetersuurproduksiekapasiteit by sy Sasolburg-aanleg uit te brei. Hierdie nuwe aanleg sal die groeiende vraag na produkte in sy Landbou- en Mynboumarkte aanspreek, en sal Omnia se afhanklikheid van derde partye, veral in die vorm van ureum-invoere, verminder.

DIVIDENDE

Die direksie kondig met genoeë aan dat 'n tussentydse dividend van 100 sent per aandeel verklaar is aan aandeelhouers wat op Vrydag, 9 Januarie 2009 geregistreer is. Die laaste dag om met dividend te verhandel is Vrydag, 2 Januarie 2009. Die aandele sal Maandag, 5 Januarie 2009 sonder dividend begin verhandel en die rekorddatum sal Vrydag, 9 Januarie 2009 wees. Die betaaldatum sal Maandag, 12 Januarie 2009 wees. Aandeelsertifikate mag nie van Maandag, 5 Januarie 2009 tot en met Vrydag, 9 Januarie 2009 gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.



NJ CROSSE
Voorsitter

RB HUMPHRIS
Besturende direkteur

26 November 2008

STUDIO 5

Direkteure NJ Crosse *(Voorsitter)*, FD Butler, DL Eggers* *(Groep- Finansiële Direkteur)*, NKH Fitz-Gibbon*, RB Humphris* *(Groep- Besturende Direkteur)*, Prof SS Loubser, Dr WT Marais, RR Masebelanga*, JG Pretorius, DC Radley, TR Scott, R Havenstein, HH Hickey **Uitvoerende Direkteure*

Geregistreerde kantoor 1ste Verdieping, Omnia House, Sloanestraat 13, Epsom Downs, Bryanston, Sandton. Posbus 69888, Bryanston 2021. Telefoon (011) 709 8888

Oordrag-sekretarisse Link Market Services South Africa (Edms) Beperk, Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001, Posbus 4844, Johannesburg 2000

www.omnia.co.za